Bybel vir Kinders
bied aan

Die vrou by
die put

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Lazarus

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Jesus en Sy dissipels het deur Samaria gereis. Hy kom toe by 'n dorp in Samaria met die naam Sigar.



Daar was 'n put, waar al die mense van Sigar hul drink water gekry het. Die put was deur Jakob, die vader van die Israeliete, gegrawe.



In die vroeë agtermiddag was dit sonnig en warm. Vermoeid het Jesus by die put gaan sit, Sy dissipels was dorp toe om te gaan kos koop.

Jesus was alleen – maar nie vir lank nie. Daar kom toe 'n vrou
wat in Sigar woon, om water te haal.

Jesus vra haar, "Gee My 'n bietjie water om te drink".



Die vrou was verras. Sy sê toe: "Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?"

Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie.

Sy was moontlik nog meer verras toe Jesus sê: "As jy geweet het wie Ek is, sou jy My gevra het vir lewende water."

Die vrou sê toe vir Jesus, "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep, ...



... jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?"



Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die waters gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie.

Nee, die water
wat Ek hom sal
gee, sal in hom 'n
fontein wees met
water wat opborrel
en vir hom
die ewige
lewe gee."

Die vrou sê toe:
"Meneer, gee vir
my van daardie
water, sodat ek
nie weer dors sal
kry en hier hoef
te kom water
haal nie."

Jesus sê vir haar: "Gaan roep jou man en kom terug hierheen." Die het Hom geantwoord: "Ek het nie 'n man nie." En Jesus sê vir haar: "Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie."

Die vrou besef dat Jesus 'n profeet is. Sy probeer om met Jesus te stry oor waar God aanbid moet word. Op die heilige berg of in Jerusalem.



Jesus sê: "Daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid."



Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word." Jesus sê vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat."



Net toe het Sy dissipels teruggekom. Die vrou het toe haar kosbare waterkruik net daar laat staan en teruggekeer dorp toe.



Die vrou het vir die mense gesê:

"Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het.



Is Hy nie miskien die Christus nie?" Die mans het toe die dorp verlaat om self vir Jesus te sien.

Intussen het sy dissipels by Hom aangedring om te eet.

Maar Jesus sê vir hulle: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, om Sy werk te voltooi." Sy werk is om mense na God te bring.

Baie van die Samaritane het in Jesus geglo net oor wat die Samaritaanse vrou aan hulle vertel het.





Die mans het Jesus gevra om by hulle te bly; en Hy het twee dae by hulle gebly.



Nog baie meer van hulle het toe geglo op Jesus se woord.

Hulle het vir die vrou gesê: "Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, ...



... want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy



waarlik die Verlosser van die wêreld is."

Die vrou by die put

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Johannes 4

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is,
se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag!
Johannes 3:16